

Openbaring 10

Bybelstudie 8

1

169: Watter boek het Paulus gerig aan die eienaar van 'n slaaf wat gedros het?			
Timoteus	Titus	Galasiërs	Filemon
170: Ongeveer hoeveel mense het gesterf nadat Moses die goue kalf vernietig het?			
500	3000	10000	17000
171: Vanaf watter berg het die Israëliete tydens 'n seremonie vloeke uitgespreek?			
Gerisim	Ebal	Horeb	Sinai
172: Wie het hom nie aan Johannes en die broers gesteur nie?			
Demas	Aristargos	Himeneus	Diotrefes
173: Na watter goeie raad van Agitofel het Absalom nie geluister nie			
Vergroot sy leër	Val Dawid in die nag aan	Lê hinderlaag vir Dawid	Aanval van twee kante
174: Wie het Ben-Hadad vermoor en opgevolg as koning oor Aram?			
Jehu	Gasael	Joram	Nimsi
175: Samuel se tweede oudste seun was			
Hosea	Jonatan	Abia	Joël

2

169: Watter boek het Paulus gerig aan die eenaar van 'n slaaf wat gedros het?			
Timoteus	Titus	Galasiërs	D: Filemon
170: Ongeveer hoeveel mense het gesterf nadat Moses die goue kalf vernietig het?			
500	B: Eksodus 32:28	10000	17000
171: Vanaf watter berg het die Israelite tydens 'n seremonie vloeke uitgespreek?			
Gerisim	B: Deuteronomium 11:29	Horeb	Sinai
172: Wie het hom nie aan Johannes en die broers gesteur nie?			
Demas	Aristargos	Himeneus	D: 3 Johannes 9
173: Na watter goeie raad van Agitofel het Absalom nie geluister nie?			
Vergroot sy leër	Val B: 2 Samuel 17:1 ; aan	Lê hinderlaag vir Dawid	Aanval van twee kante
174: Wie het Ben-Hadad vermoor en opgevolg as koning oor Aram?			
Jehu	B: 2 Konings 8:14, 15	Joram	Nimsi
175: Samuel se tweede oudste seun was			
Hosea	Jonatan	C: 1 Samuel 8:2	Joël

3

1. Wat is die betekenis van hoofstukke 10 en 11 wat beskryf word voor die blaas van die sewende trompet/basuin?

Die kerk gaan swaar kry, maar gaan nie veroordeel word nie. Dit word nou in hierdie hoofstukke gespreek.

2. Wat is die ooreenkoms tussen hoofstukke 10 en 11 en hoofstuk 7?

Weereens 'n intermezzo voor die oordeel verdiep.

4

3. Waarom moet dit wat die donderslae sê, geheim gehou word?

Onthou: dis deel van die eindoordeel, en die bewaring van die kerk in die oordeel. Daar word deur die donderslae gepraat, gepreek.

Vers 2: land en see. Die boodskap van die engel is dus vir die hele skepping.

Vers 7! Die boodskap gaan bekend word met die blaas van die sewende trompet. Ook: Verborgte bedoeling: dis nog die bekend nie – tot die sewende trompet blaas. Verder: Dis 'n blye tyding. Wat is dit? Jy word uit genade gered – MAAR – verwerp die genade en jy is verwerp.

Dus: voor die boekie en die twee kandelare (hoofstuk 11) nie gepreek is nie, moet die boodskap teruggehou word.

5

4. Wat is God se bedoeling waarvan vers 7 praat?

1 Korintiërs 15:51 – 54: *Kyk, ek maak 'n geheimenis aan julle bekend: Ons sal nie almal sterwe nie, maar ons sal almal verander word. By die laaste trompet sal dit in 'n oomblik, in 'n oogknip gebeur, want die trompet sal weerklink, en die dooies sal as onverganklikes opgewek word, en ons sal verander word. Hierdie verganklike liggaam moet met die onverganklike beklee word, en hierdie sterflike liggaam met die onsterflike. En wanneer hierdie verganklike liggaam met die onverganklike beklee is, en hierdie sterflike liggaam met die onsterflike, dan sal die woord wat geskrywe staan, vervul word:*

“Die dood is vernietig, die oorwinning is behaal.”

6

4. Wat is God se bedoeling waarvan vers 7 praat?

Romeine 11:25 - 28: Ons staan hier voor 'n geheimenis, broers, en ek wil hê julle moet weet wat dit is, sodat julle nie te selfversekerd sal wees nie. Die verharding het oor 'n deel van Israel gekom en duur totdat die volle getal uit die heidennasies in die koninkryk ingegaan het; en op hierdie manier sal die hele Israel gered word. So staan daar geskrywe: “Uit Sion sal die Redder kom, en Hy sal die goddeloosheid van sy volk Jakob verwyder. En hierdie verbond sal Ek met hulle sluit wanneer Ek hulle sondes wegneem.” Wat die evangelie betref, is hulle wel vyande van God, en dit kom julle ten goede, maar kragtens die uitverkiesing is hulle geliefdes om die aartsvaders se ontwil.

7

5. Wat is die boodskap van die boekie?

Vers 11. Profeteer = So sê die HERE Here. Wat is die inhoud van die profesie?

Moeilik! Hier is geen aanduiding van die *boodskap* nie, wel van die effek op die prediker.

Effek:

Soet in die mond. Positiewe ervaring.

Bitter in die maag: verwerking van die boodskap nie lekker nie.

8

Lees ons êrens anders in die Bybel van die boekie?

Nee. Tog is daar 'n parallelle beskrywing: Esegïel 2

Ooreenkomste:

Openbaring 10

Opeet

Soet in die mond.

Opdrag: profeteer.



Esegïel 2

Opeet

Soet in die mond.

Opdrag: profeteer.

9

Lees ons êrens anders in die Bybel van die boekie?

Nee. Tog is daar 'n parallelle beskrywing: Esegïel 2

Verskille:

Openbaring 10

Engel gee boekie

Inhoud? Evangelie?

Bitter in die maag

Preek vir alle nasies
in die eindoordeel



Esegïel 2

God gee die boekrol

Inhoud: klaag-, treurliedere,
smartroep

Preek vir Israel

Preek in Ballingskap.

Dus: nie dieselfde boekie nie omdat daar verskille is.

10

6. Wat is die troos/boodskap vir ons in hierdie gedeelte?

Die evangelie sal verkondig word.

Die evangelie is goed en reg, die uitdra daarvan swaar, soms onaangenaam.